Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

**NUUSBRIEF 23/4/2021**

# GRAAD 8 - 2022

**Baie dankie aan al die besoekers by die Wonnies se Opedag. Dankie ook vir die pragtige terugvoer. Graag gee ons aan elke voornemende Wonnie die volgende inligting deur:**

- **Aansoeke word aanlyn gedoen by www.gdeadmissions.gov.za.**
- **Die aanlyn-platform is nog nie oop om aansoek te doen nie. Ons sal ouers laat weet sodra u aanlyn kan begin aansoek doen.**
- **Indien u onseker is oor die aanlynproses, kan u reeds nou al u Leerder-Inligtingsboekie (met al die dokumente) by die skool kom ingee. Ons sal dan die aansoek namens u aanlyn doen.**
- **U moet ook dokumente inhandig wanneer u aansoek doen. Die volgende dokumente moet u aansoek vergesel:**
  - ✓ **Gewaarmerkte afskrif van die leerder se geboortesertifikaat.**
  - ✓ **Gewaarmerkte afskrif van ouer(s) se ID-dokumente.**
  - ✓ **Die leerder se finale Graad 7-rapport.**
  - ✓ **Bewys van adres (Munisipale rekening of huurooreenkoms) in die ouer(s) se naam.**
- **Op grond van die adresbewys word daar aan die leerder 'n waglysnommer toegeken. Dit is dus uiters belangrik dat die korrekte adres op die aanlynstelsel ingelees moet word.**

**Indien daar enige onsekerheid rakende die proses is, kan u gerus me. Brits kontak by admin@wonnies.co.za.**

## WINTERSDRAG

**Die winter kruip al hoe nader. Vanaf 3 Mei word daar dus volledige wintersdrag gedra. Vergewis u asseblief daarvan dat die leerder se wintersklere nog pas en maak asseblief seker dat dit volgens die gedragskode van die skool is. Dit sluit dan die verpligte skoolbaadjie vir alle Graad 8-9 leerders in. Geen sweetpakbaadjies word toegelaat nie. Leerders moet ook 'n das saam met hul langmouhemde en baadjies dra.**

## TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

# VEILIGHEID BINNE DIE SKOOL

Daar is tans in die nuus verskeie berigte rakende skole waar daar Covid-19 gevalle rapporteer word. Geen van die gevalle kon egter nog direk gekoppel word aan die skool as brandpunt nie. Dit bly egter kommerwekkend dat leerders, sonder om maskers te dra of die veiligheidsprotokolle na te kom, oor naweke en nou tydens die vakansie rondkuier. Graag vra ons u as ouers se hulp tydens die komende vakansie. U moet asseblief u kind op die gevare wys. Indien die vakansie nie reg hanteer word nie, kan dit nagevolge vir skole hê, soos om weer te moet sluit, en soos u in 2020 beleef het, is dit beslis nie goed vir die akademiese ontwikkeling van ons leerders nie.

## SKOOLGELDE

Baie dankie aan elke ouer wat so getrou hulle skoolgelde betaal. Soos u weet is die skool weer ten volle aan die gang. Dit impliseer dat alle uitgawes betreffende 'n skool weer ten volle hanteer moet word. Ons besef dat ouers weens die Covid-pandemie groot finansiële uitdagings beleef het. Graag vra ons egter weer dat u as ouers steeds u verpligtinge rakende skoolfonds sal nakom.

## KWARTAALPUNTE

Die Departement van Onderwys het eers op 21 April die SASAMS-gewigte aan skole verskaf. Hierdie gewigte bepaal hoe leerders se kwartaalpunte uitgewerk moet word. Dit word tans op die D6-stelsel opgestel, sodat leerders se punte ingelees kan word. Dit veroorsaak groot frustrasie onder personeel maar ook u as ouers, aangesien ouers nie op D6 kan sien hoe hul kind vorder nie. Ons vra u dus om steeds, indien u enige navrae of bekommernis het, die personeel te kontak, sodat ons kan kommunikeer rakende u kind se punte. Daar sal nou deur die vakansie gewerk word om die stelsel, volgens die voorskrifte te programmeer, sodat u in kwartaal 2 alle punte kan sien.

## VAKANSIE-SPORT

Die wintersport is voluit aan die gang. Baie sterkte aan die 0/16 en Eerste Rugbyspan wat tydens die vakansie 'n toernooi by Adelaars Rugbyklub gaan bywoon. Die senior netbalspanne het ook 'n toernooi by Sun City bygewoon.

Alle ander sporte is besig om te oefen, aangesien die eerste liga-wedstryde reeds direk na die vakansie begin. Tydens hierdie eerste wedstryde moet alle wintersportdrag ook reg wees. Indien u enige hulp in die verband benodig, kontak asseblief die skool vir ondersteuning.

# VAKVERANDERINGS

- Alle vakveranderings was eers gestop ten einde die toetse te voltooi.
- Die **Graad 11-leerders** het egter **nou die laaste kans** om vakke te verander, terwyl **Graad 10-leerders** ook **nou weer geleentheid** kry vir vakveranderings.
- Graad 11-leerders mag hierna nie weer vakke verander nie en dit is dus dan die vakke waarmee hulle Graad 12 gaan voltooi.
- Die sperdatum vir bogenoemde veranderings is **7 Mei 2021.**

# WONNIES:

**Mag elke Wonnie die vakansie werklik héérlik rus en mag jul werklik God se teenwoordigheid in elke Wonnie-huis voel.**

**MNR LEZAR**
**SKOOLHOOF**

# LEKKER fm

## Magalies Park Golfdag

## 25 Junie 2021

***Skryf jou span vandag in...***

**Inskrywing sluit in:**

- 2 Golfkarre per 4 bal span
- Baanfooi is ingeluit
- Halfweg-huis ete
- Prysuitdeling plus LEKKER ete.

**LEES GERUS**

Skryf in voor 30 April 2021 en betaal slegs R3000 per 4 bal. Na 30 April 2021 is dit R3500 per 4 bal...

**SKRYF NOU IN**

## Putjieborg - R3500

## BESPREEK NOU

☎ 012 664 1167

**Aanlyninskrywingsvorm beskikbaar op die LEKKER FM webblad by www.lekkerfm.com**